

10

MY GAWES

God maak elkeen uniek

GESINSLES

ALGEMENE DOELSTELLING

Die kinders en ouers moet weet dat God ons elkeen uniek maak.

SPESIFIEKE DOELSTELLING

Kennis

Die kinders moet leer –

- God het hulle almal spesiaal en uniek gemaak.
- God het vir elkeen gawes gegee om Hom en mekaar te dien.
- wat gawes betref, verskil ons almal van mekaar.

Gesindheid

Die kinders moet dankbaar wees –

- dat God hulle uniek en spesiaal geskep het.
- vir die gawes wat hulle van God ontvang het.

Vaardigheid

Die kinders moet in staat wees –

- om hul eie gawes te identifiseer.
- om God en iemand anders prakties met hul gawes te gaan dien.

MEER INLIGTING (Romeine 12: 6-8; 1 Petrus 4: 10-11; Gesang 528)

God het elkeen van ons spesiaal gemaak. Hy het elkeen van ons ook verskillend gemaak. Ons het verskillende gawes ontvang. Ons verstaan gawes baie keer verkeerd. Ons dink dat ons hierdie gawes gekry het om vir die wêreld te wys dat ons die beste in iets is. Dit is goed om die beste in iets te probeer wees, maar ons mag nooit op ander mense neersien nie. Ongelukkig

raak sommige mense wat sekere dinge goed kan doen hoogmoedig. Dit beteken hulle dink dat hulle beter as ander mense is. Hulle is dan dikwels ongeskik en neerhalend teenoor ander wat nie dieselfde dinge so goed kan doen nie. Ons het nie gawes gekry om vir die wêreld te wys hoe goed ons is nie. Ons het gawes gekry om die Here en mekaar daarmee te dien.

Daar is ook 'n ander kant. Soms voel dit vir ons of ons niks doen wat vir iemand anders iets werd is nie. Ons voel dat die Here vir ons geen gawes gegee het nie. Dit is nie waar nie. Ons is nie almal dieselfde nie. Almal het die een of ander gawe ontvang, al is dit net om vriendelik te wees.

Lees Romeine 12: 6-8 en 1 Petrus 4: 10-11 aandagtig en identifiseer al die gawes wat genoem word.

- *Profesie*: Dit is dieselfde as *preek*, wat ook in 1 Petrus 4 genoem word. Die voorskrif is dat God se wil met alle mense gedeel moet word – die doel is dat alle mense die goeie wil van God sal beleef.
- *Dien*: God het ons geskep as mekaar se *helpers*, met ander woorde, om mekaar te dien. Dit is 'n gawe wat ons almal ontvang het, want *iewers* kan ons *iemand* met *iets* help.
- *Onderrig gee*: Dit is om ander te leer, veral om hulle van God te leer.
- *Bemoedig*: Dit is om mense moed in te praat as hulle om watter rede ook al moedeloos geword het – as gevolg van armoede, hartseer, vrees, siekte, ensovoorts.
- *Gee*: Daar is altyd iemand naby ons wat iets nodig het. God gee die gawe om sonder bybedoelings iets te gee aan iemand wat die een of ander behoefte het.
- *Leier wees*: 'n Ware leier doen nie iets vir eie gewin nie, maar om diens te lewer. Jesus sê ook op 'n ander plek dat leiers moet dien. Met toewyding, staan in Romeine. Dit beteken: Jy is nie 'n leier om gesien te word nie, maar om iets vir iemand te beteken.
- *Help*: Daar is ook altyd iemand wat gehelp moet word. Die Here gee daardie gawe ook vir ons.

Die belangrikste rede waarom ons gawes kry: *Met alles moet julle God altyd verheerlik*. In 1 Petrus 4: 10 tot 11 staan dit ook baie duidelik: Met ons gawes moet ons mekaar dien.

AANBIEDING

Jy het nodig

- Ou tydskrifte.
- Skêre.
- 'n A4-karton vir elke kind.
- Gom.
- Tik die volgende gawes van Romeine 12 onder mekaar, ver uitmekaar gespaseer, op 'n A4-papier, sodat daar onder elkeen skryfplek is.
 - PROFESIE – PREEK
 - ONDERRIG
 - DIEN
 - BEMOEDIG
 - GEE
 - LEIER
 - HELP
- Maak 'n afskrif vir elke gesin.
- Reël vooraf met 'n ouer om na die klas af te sluit met gebed.

KOM ONS BEGIN

Sing Gesang 528 of lees dit as 'n gebed.

*Leer my u wil, Heer, u doel met my –
U, Pottebakker, met my, die klei.
Vorm my en maak my volgens u wil;
op U vertrou ek, nederig stil.*

*Leer my u wil, Heer, u plan vir my;
laat ek nie doelloos, nutteloos bly.
Hou my erkentlik, Heer, in u werk:
As ek dan swak is, maak U my sterk.*

*U gee u gawes net soos U wil;
almal is diensbaar, elk met verskil.
Vul met u Gees my, breekbare kruik,
dat U my oral nuttig gebruik. Amen.*

HET HULLE ONTHOU?

- Kontroleer of hulle weer die gebeure van Jona in die Bybel gelees het.
- Laat hulle hul boekmerke vir mekaar wys.
- Laat 'n paar kinders weer vertel van die goeie dinge wat die Here vir hulle doen.
- Vra die volgende vrae om te kyk of hulle die Jona-gebeure ken. Help waar nodig:
 - Watter plek se mense het verkeerde dinge gedoen? (*Nineve.*)
 - Vir wie het die Here gestuur om met hulle te gaan praat? (*Hy stuur vir Jona om hulle te waarsku.*)
 - Wat het Jona gedoen, en wat het toe met hom gebeur? (*Jona was ongehoorsaam; hy gaan met 'n skip Tarsis toe; 'n groot storm kom op die see; Jona word in die see gegooi; 'n vis sluk hom in; die vis spoeg hom na drie dae uit.*)
 - Watter drie dinge leer ons in Jona se geskiedenis? (*Ons moet die Here gehoorsaam; die Here verwag van ons liefde vir Hom en vir ons medemens; ons moet aan almal vertel van God se groot liefde.*)

VANDAG LEER ONS

BEGIN SO

Niemand van ons is somer net niks werd nie. Vir God is ons almal belangrik. Hy het ons belangrik gemaak, want Hy het vir ons gawes gegee.

IETS INTERESSANT

Maak 'n bondige en verstaanbare opsomming van MEER INLIGTING hierbo en verduidelik dat elkeen van ons een van die genoemde gawes gekry het om God en mekaar mee te dien.

IETS BELANGRIK

Skerp die volgende by die kinders in:

- Dit maak 'n mens altyd gelukkig as jy iets waardevol vir iemand kan doen, want –
 - dit gee waarde aan jou eie lewe.
 - dan voel jy jy is nie sommer 'n nikswerd wat sonder doel leef nie.
- Die Here het hoofsaaklik die volgende gawes vir ons gegee:
 - *Profesie – preek*: As jy die gawe het om te studeer, kan jy 'n predikant word en vir mense preek oor God wat vir hulle baie lief is. Jy hoef nie eens 'n predikant te wees om dit te doen nie. As jy kan praat, kan jy vertel.
 - *Onderrig*: As jy die gawe het om 'n onderwyser te wees, of net om mense te leer, kan jy 'n kategeet word en die kinders ook van God se liefde vertel.
 - *Dien*: As jy fluks is, kan jy dinge doen wat mense nodig het – dokter wees, elektrisiën wees, koster wees, orrelis wees, ensovoorts.
 - *Bemoedig*: As jy die gawe het om met mense te praat, kan jy hulle moed inpraat as hulle seer gekry het, bang is, hartseer is, ensovoorts.
 - *Gee*: As jy die gawe het om te gee, sal jy agterkom dat daar altyd iemand is wat iets nodig het: kos, klere, geld om elektrisiteit te koop, medisyne, ensovoorts.
 - *Leier*: Daar moet altyd iemand wees wat 'n leier of 'n kaptein of 'n bestuurder kan wees. As jy daardie gawe het, moet jy dit ontwikkel sodat mense jou kan volg.
 - *Help*: Iemand van wie jy weet, het hulp nodig. Hy het geval en sy been gebreek, sy goed is gesteel, sy kar het gebreek. Daar is ook baie ander dinge waarmee jy iemand kan help.
- Die belangrikste rede hoekom ons gawes het: *Met alles moet ons altyd aan God die eer bring en vir Hom wys ons is dankbaar vir alles wat ons het. Ons moet mekaar ook help met ons gawes.*
- Lees weer Gesang 528: 3 hierbo voor – lê klem op wat elke reël beteken.

IETS OM TE DOEN

- Gee vir elke kind een van die A4-bladsye waarop die sewe gawes geskryf of getik is.
- Lees dit hardop en verduidelik dat elke gawe gegee is om mense se belange te dien.
- Wys daarop dat dit maklike dinge is waarvoor die Here vir ons talente gegee het.
- Deel die klas in gesinsverband op; waar daar nie ouers is nie, laat twee-twee kinders saam gesels.
- Laat elke gesin of groepie gesels oor die gawes wat hulle dink hulle het en onder daardie gawe inskryf hoe en waar hulle dit gebruik. Hier is 'n paar voorbeelde van gawes:
 - Om 'n vriendelike mens te wees wat ander mense help.
 - Om lekker te kan gesels of goed te kan praat en mense van Jesus te vertel.
 - Om te kan sing of 'n instrument te speel en so die Here te loof en prys.
 - Om iemand te help: jou ouers, 'n maat, 'n bejaarde, ensovoorts.
 - Om te kan luister na iemand wat hartseer is of hulp nodig het.
 - Om goed te kan skryf of teken en so vir mense van die Here te vertel.
 - Om goed te kan lees en vir iemand uit die Bybel te lees.
- Gee vir elke kind 'n karton en laat hulle die volgende doen:
 - Laat hulle na die gawes kyk wat hulle op die A4-bladsy ingevul het en in die tydskrifte prente soek van die gawes wat hulle dink hulle het.
 - Laat hulle dit uitknip en 'n collage op die karton bou.

BY DIE HUIS

Doen

Laat hulle die volgende tuis gaan doen:

- Hul collage met hul ouers se toestemming iewers opplak.
- Laat hulle daarna kyk en volgende week vir die klas kom vertel hoe hulle hul gawes gebruik het in die week wat verby is.
- Laat hulle die weggesteekte gawes en talente wat skuins, dwars, van bo na onder, agter na voor, ensovoorts, hieronder weggesteek is, in hul boeke omkring. (Hier word nie net gawes genoem nie, maar ook talente.)

S	K	M	S	T
A	I	N	M	A
S	A	N	R	S
D	D	F	G	G
K	D	J	H	R
P	L	E	H	E
N	L	M	E	E
R	E	I	E	L
B	T	V	X	C
T	R	O	O	S
Z	E	E	R	U
Q	V	W	T	Y

Die woorde is: SING, DANS, TROOS, HELP, VERTEL, LEER, DEEL, LEIER

- Laat hulle die volgende vrae in hul boeke beantwoord en dit gaan leer:
 - Wie gee hierdie gawes en talente vir ons? (*God.*)
 - Wat moet ek met hierdie gawes en talente doen? (*God en my medemens dien.*)
 - Wat is die spesiale talent wat God vir my gegee het? (*Elke kind besluit self.*)
 - Is iemand anders beter as ek as hy of sy iets anders as ek kan doen? (*Nee, die Here gee vir ons gawes en talente wat verskil.*)
 - Wat gaan ek hierdie week met my talent doen? (*Elke kind besluit self.*)

AFSLUITING

Laat die ouer met wie gereël is, afsluit met gebed.